# (REGS-)BEGINSELS EN (REGS-)NORME: ENKELE KRITIESE OPMERKINGS

A.G.W. Raath

*ABSTRACT*

*This is an inquiry into the meaning of and relationship between jural principles and jural norms. The theories of both H. Dooyeweerd and H.G. Stoker are subjected to a critical analysis. It is concluded that in so far as Stoker's theory of legal principles is brought into relationship with the divine calling of man in cosmic reality and his theory of jural norms into relationship with the manner in which man ought to answer to this calling and fulfill his vocation, it opens up important scientific avenues for exploration. Furthermore the differences between Stoker's view and those from the ranks of the "Philosophy of the Cosmonomic Law Idea" are investigated.*

Die belang van beginsels vir die wetenskap as geheel kan moeilik oorskat word. Beginsels bepaal die uitgangspunte van en standpunte met betrekking tot alle wetenskapsvorming.

Nie net die wetenskap as geheel sowel as die onderskeie besondere wetenskappe nie maar ook die lewens- en wêreldbeskouing, waaruit die wetenskap opkom en waardeur dit gelei en medebepaal word, sowel as die geskape heelal is prinsipieel bepaald (Stoker, 1961:31).

Vir die Calvinis is die vraag na die bestaan en erkenning van beginsels baie belangrik. Volgens sommige denkers is beginsels slegs subjektiewe bepalings van die menslike gees. Volgens andere weer word beginsels ons slegs deur Gods Woord gegee.

Beginsels het 'n universele en fundamentele betekenis. Op alle denkbare gebiede speel verskillende beginsels 'n belangrike rol: op die gebied van die menslike lewe ten opsigte van sy geloof, sedelike, juridiese en ekonomiese handelings, in

sy kunswaardering, taalgebruik en kennis (waaronder denke, wetenskap), in sy persoonlike en sosiale lewe (waaronder huwelik, gesin, volk, staat, maatskappy en kerk); in sy vorming van geskiedenis en gebruik van tegniek (Stoker, 1961b:30).

In sy ondersoek na die aard en rol van die reg is regsbeginsels ook vir die juris van die grootste betekenis. In Calvinistiese kringe was dit tot op hede veral vanuit die geledere van die *Wysbegeerte van die Wetsidee* wat daar oor die aard en rol van regsbeginsels en regsnorme meegespreek word. As vader van die *Wysbegeerte van die Skeppingsidee* was dit veral H.G. Stoker wat 'n eie siening oor die aard en rol van die reg ontwikkel het. 'n Kort vergelyking van die uitgangspunte van Stoker en Dooyeweerd in hierdie verband bring waardevolle perspektiewe in Stoker se beginselleer na vore wat vir die juris van groot waarde kan wees.

## DOOYEWEERD SE SIENING VAN REGSBEGINSELS

Dooyeweerd se siening van regsbeginsels is hoofsaaklik in sy *De structuur der rechtsbeginselen en de methode der rechtswetenschap in het licht der wetsidee* (1930) en sy *Encyclopaedie der rechtwetenschap* (1969) te vinde.

Volgens Dooyeweerd (1930:228) lei die wetsidee die wetenskaplike tot antwoorde op twee grondliggende vrae, naamlik wat is die *oorsprong* van alle wetskringe en wat is die *verhouding* en *samehang* tussen die verskillende wetskringe? Voorts lei die Calvinistiese wetsidee die regswetenskaplike tot die erkenning van die bestaan van die voor-positiewe, bo-willekeurige grondslae vir alle geldende regsreëls. Hierdie erkenning berus volgens Dooyeweerd (1930:232) die Calvinis se antwoord op die *oorsprongsvraag*: God se skeppingsoewereiniteit is die oorsprong van alle wetskringe, en daarom het al die wetskringe één religieuse wortel wat aan hulle almal ten grondslag lê.

Volgens Dooyeweerd se teorie van die modale struktuur van die tydelike werklikheid is die logies gefundeerde normkarakter

en die histories gefundeerde *vorm* van die positiewe reg in die ondersoek na die aard van regsbeginsels van besondere belang. Die logiese vervul in hierdie verband die rol van 'n 'grenskring': modale wette in die voor-logiese wetskringe is na hulle gelding regstreeks deur God gegee (Dooyeweerd, 1935 II:175:176). Die na-logiese modale wette is slegs in beginsel gegee en is dus vir hulle gelding van historiese vorming of positivering deur die mens afhanklik.

Regsbeginsels is goddelike beginsels. As skeppinge van die soewereine God openbaar hulle 'n fundamentele normkarakter en lê as sodanig alle positiewe reg ten grondslag. Regsbeginsels is slegs in die kosmiese sinsamehang gegee en word nie deur die mens 'geskep' nie maar slegs *ontdek* (Dooyeweerd, 1930:241). Deurdat regsbeginsels in die kosmiese sinsamehang van die juridiese aspek en sy substrate voorkom, openbaar hulle 'n noue korrelasie met die grondbegrippe van die regswetenskap (Dooyeweerd, 1930:253-255). Van Dooyeweerd se opvatting is die volgende aspekte van besondere belang:

- Regsbeginsels reflekteer 'n kosmies strukturele stand van sake. As sodanig verskil hulle van begrippe vir sover begrippe die resultate van die mens se kenaktiwiteite is.
- Alhoewel die mens se rede nie die oorsprong van regsbeginsels kan wees nie, is die teoretiese denkhouding 'n *sine qua non* vir die ontdekking van beginsels in die tydelike werklikheid.
- Regsbeginsels is nie ewig en onveranderlik nie maar is tydelik en kosmies immanent, aan die wet onderworpe en in die kosmiese samehang gegee (Dooyeweerd, 1930:241-242). Alhoewel die religieuse sin van regsbeginsels bo-tydelik is, is die beginsels self "... een tijdelike zinbreking van dien eeuwigen zin der wet, gelijk die ons door Christus is geopenbaard" (Dooyeweerd, 1930:242).
- Die belang van regsbeginsels as grondslae vir die positiewe reg kan nie ontken word nie. Die gebrek aan die erkenning van regsbeginsels as grondslae vir die positiewe reg lei tot 'n verabsolutering van die onselfstandige positiwiteitselement

wat aan die regswerklikheid inherent is. Gevolglik word nie die regsin alleen genivelleer nie maar word ook die wetsy van die regsaspek (logies) versubjektiveer (Dooyeweerd, 1930:243).

- Die regsbeginsels self is wesenlik ook die bron van die materiële inhoude van regsnorme. Die materiële regsbeginsels word in die onderskeie juridiese *maatskaps- en gemeenskapsverbande* ontdek.

- Met verwysing na skadevergoeding in maatskapsverband en die beginsels van straf volgens skuld in gemeenskapsverbande vertoon regsbeginsels al na gelang van hulle 'gemeenskaplike' en 'maatskaplike' aard 'n variërende sinstruktuur (Dooyeweerd, 1930:245-248).

- Die logiese en na-logiese modale norme behoef positivering deur die mens alvorens hulle as norme kan geld. As 'norme' bestaan hulle bloot in beginsel - dit geld sowel die logiese *principia* as die na-logiese taal-, sosiale omgangs-, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese en pistiese norme (Dooyeweerd, 1969 II:238). Die beginsels (*principia*) word deur die mens tot norme gepositiveer.

- Die mens se regsvormingshandelinge is op die menslike historiese vormingswil gebaseer (Dooyeweerd, 1969 II:238). Aan die wetsy van die historiese wetskring ontstaan daar 'n vervlegting tussen die bo-willekeurige *principia* en die menslike vormingswil. Hierdie vervlegting mag egter nie verabsoluteer word nie (Dooyeweerd, 1969 II:238-239).

- Die *logiese* self is nie deur die sondeval aangetas nie maar slegs die logiese subjeksy.

- Wat die onderskeid tussen natuurwette en norme betref, is van belang dat die normkarakter van die reg met die logiese analogie in die juridiese wetskring gegee is. Na die wetsy van die juridiese wetskring bestaan hierdie norme as behorensreëls. Na die subjeksy impliseer die

normkarakter van die juridiese norme die moontlikheid van oortreding deur die regsubjekte. Voorts impliseer dit ook die genormeerde *toerekening* van regsfeite aan die subjektiewe wilsfunksie van 'n regsubjek. Hierteenoor kan natuurwette nie aan die wilsfunksie van 'n subjek toegereken word nie en kan natuurwette ook nie oortree word nie.

- Daar bestaan 'n fundamentele onderskeid tussen *dinamiese en konstante* (statiese) regsbeginsels. *Konstante* regsbeginsels word weer onderverdeel in

  (i) regsbeginsels wat in die *algemene of modale struktuur van die reg* vervat is, en

  (ii) regsbeginsels wat op 'n *individualiteitstruktuur* gefundeer is.

  Wat laasgenoemde betref, onderskei Dooyeweerd tussen regsbeginsels wat op die restriktiewe funksie van 'n *voor-historiese wetskring* gefundeer is, en regsbeginsels wat op die restriktiewe funksie van 'n *na-historiese wetskring* gefundeer is.

DIE WYSBEGEERTE VAN DIE SKEPPINGSIDEE INSAKE BEGINSELS

In sy *Beginsels en metodes in die wetenskap* bied Stoker 'n sistematiese beskouing van sy wysgerige opvattings insake beginsels. Stoker (1961b:33) stel dat die "belang van beginsels vir die wetenskap as geheel (en vir die onderskeie besondere wetenskappe in die besonder) moeilik oorskat (kan) word". Beginsels bepaal die uitgangspunte van en standpunte met betrekking tot alle wetenskapsvorming. In hierdie verband verklaar Stoker dat die wetenskap as geheel sowel as die onderskeie besondere wetenskappe, die lewens- en wêreldbeskouing, waaruit die wetenskap opkom, en die geskape heelal prinsipieel bepaald is. Waar sommige denkers meen dat 'n beginsel slegs 'n subjektiewe bepaling van die menslike gees is en dat daar gevolglik geen beginsels buite die menslike gees bestaan nie, en andere weer meen dat beginsels ons slegs deur Gods Woord gegee word, daar is Stoker (1961b:31) daarvan oortuig dat naas beginsels

in en van die menslike gees en naas Skriftuurlike beginsels ook beginsels in die geskape heelal self bestaan.

Om vas te stel wat 'n beginsel is, kan, volgens Stoker, van die volgende twee metodes gebruik gemaak word:

- Ons kan iemand om sy redes vra vir 'n bewering wat hy gemaak het, of vir 'n daad wat hy gepleeg het. Vervolgens kan ons sy redes vir hierdie redes vra, ensovoorts, en uiteindelik sal hy op redes stuit waarvoor hy geen verdere redes kan aanvoer nie. Sulke redes wat nie van ander afgelei kan word nie, is beginsels. Hierdie metode gaan egter nie ver genoeg nie, omdat dit nie alles wat onder 'n beginsel verstaan kan word, omvat nie en beginsels te veel net aan die gronde van byvoorbeeld menslike denke en handel bind.

- Om tot vollediger insig in die betekenis van beginsels te kom ag Stoker dit nodig om 'n etimologiese analise van die woord *beginsel* te onderneem. In die lig hiervan onderskei Stoker (1961b:32,33) tussen die betekenismomente van (a) begin, (b) leiding, (c) gebied. Aan die hand hiervangee Stoker die drie betekenismomente ontologies soos volg weer:

  (i) "'n Beginsel is 'n begin, 'n eerste, 'n oorspronklike, 'n onherleibare iets. Dit is 'n fondament, 'n uitgangspunt, 'n standpunt. Dit is 'n *a priori* (iets wat vooraf bestaan, vooraf gegee is, vooraf aanvaar word, vooraf byvoorbeeld ons denke en doen bepaal).

  (ii) 'n Beginsel bepaal en lei wat daarin gefundeer is, respektiewelik wat daarop gebou word, respektiewelik wat daaruit voortvloei. Dit is regulatief, met ander woorde dit rig en gee koers aan wat daarvan afhanklik is en daaruit voortvloei. So rig en lei dit ook byvoorbeeld die vorming van menslike kennis en gedrag.

(iii) 'n Beginsel geld vir 'n bepaalde gebied, is tot daardie gebied beperk en aan daardie gebied gebind. Dit geld slegs vir 'n bepaalde gebied, is slegs daarvan grond en gee slegs daarbinne leiding".

Net soos feite moet ook beginsels deur die mens self gevind of ontdek word (Stoker, 1961b:33).

Hieruit blyk dat beginsels fundamentele en ***leidende bepalings*** is wat vir 'n ***bepaalde gebied*** geld. Op alle denkbare gebiede speel verskillende beginsels 'n belangrike rol: op die gebied van die menslike lewe ten opsigte van sy geloof, sedelike, juridiese en ekonomiese handelings, in sy kunswaardering, taalgebruik en kennis (waaronder denke, wetenskap); in sy persoonlike en sosiale lewe (waaronder gesin, volk, staat, maatskappy en kerk); in sy vorming van geskiedenis en gebruik van tegniek. Maar so bestaan daar ook beginsels met betrekking tot stof, plant en dier; met betrekking tot die verhouding van dit alles tot God en met betrekking tot die wetsorde van die geskape heelal, ensovoorts (Stoker, 1961b:30).

Weens hulle universele en fundamentele karakter gee beginsels aan die een kant 'n soort 'vastheid' aan die skepping, maar aan die ander kant gee hulle leiding en koers en lei hulle die wetenskaplike ondersoek en denke (Stoker, 1961b:30, 31).

Stoker onderskei tussen beginsel en feit. Die onderskeid tussen beginsel en feit kan soos volg opgesom word:

- Feite is sintuiglik, introspektief of in weerstandservaring waarneembaar, maar beginsels nie. Beginsels postuleer ons of ons sien hulle as selfevident in of ons aanvaar hulle in die geloof (byvoorbeeld aan Gods Woord) (Stoker, 1961b:37).

- Feite is 'individuele' gebeurtenisse. Beginsels is egter algemeen van aard.

- Deur die ontwaring van beginsels sien ons die kosmos in sy onveranderlikheid, en deur die waarneming van feite sien ons die kosmos in sy veranderlikheid (Stoker, 1961b:39).

Ten einde 'n skerper en duideliker insig te gee in wat beginsels is, bespreek en onderskei Stoker verskillende tipes van eintlike beginsels, naamlik gesagsbeginsels (aan Gods Woord ontleen), selfevidente beginsels (wat ons onmiddellik insien) en postulate (ontoereikend gefundeerde veronderstellings wat vir verdere ondersoek nodig is).

Gesagsbeginsels

Stoker aanvaar die bestaan van tweërlei gesag: die absolute soewereiniteit van God oor alles wat Hy geskep het, insluitende die mens, en menslike gesag wat van God se gesag afgelei is, byvoorbeeld gesag van ouers oor kinders, offisiere oor manskappe, ensovoorts.

Die fundamenteelste gesagsbeginsel is die algenoegsaamheidsbeginsel: "uit en deur en tot God is alle dinge". Hierna volg 'n ander fundamentele beginsel, naamlik dié van die absolute soewereiniteit van God oor die héle skepping. Die fundamenteelste beginsel van die skepping is dié van sy kreatuurlikheid, sy geskapenheid deur God. Volgens Stoker (1961b:43) is hierdie beginsels bepalend, leidend en rigtend vir alles wat bestaan; ook vir die wetenskap, wat byvoorbeeld niks kreatuurliks mag verabsoluteer en selfgenoegsaam stel nie. Terwyl die algenoegsaamheidsbeginsel net van God geld, geld die kreatuurlikheidsbeginsel net van die skepping. So is daar ook nog ander Skrifbeginsels, byvoorbeeld sondeval en kwaad in die kosmos sowel as sondeverlossing en herskepping deur Christus, die twee nature van Christus, die deur God geskape radikale verskeidenheid van die kosmos, die mens as beeld van God, menslike verantwoordelikheid en bestemming, monogamie, die sedewet (self- en naasteliefde), die arbeider is op sy loon geregtig, beginsels betreffende die kerk ensovoorts.

Selfevidente beginsels

Terwyl gesagsbeginsels voldoende grond het in die gesag en outopistie van die Skrif, het selfevidente beginsels ook voldoende grond, naamlik hulle selfevidensie en die daarmee gegewe outopistie (Stoker, 1961b:43). Gesagsbeginsels word deur middel van intuïsie ingesien. Waar sommige gesagsbeginsels die menslike verstand te bowe gaan, is dit nie die geval met selfevidente beginsels nie.

Onder intuïsie verstaan Stoker (1961b:43, 44) ŉ kenakte waardeur ons onmiddellik verstaan wat hom as selfevident aanbied. Net soos sintuiglike waarneming, introspeksie, weerstandservaring en geloof aan God se Woord ons onmiddellik met die kenbare in aanraking bring, kom ons met ons intuisie ook onmiddellik met die kenbare in kontak. Net soos dit wat ons deur middel van ons gesigsvermoë waarneem, aanskoulik is, is dit wat ons intuïtief insien, ook aanskoulik. Onder andere is wesensinsig of wesenskou, beginselinsig, emosionele waardekeuring en insig in sekere norme intuïtief, met ander woorde, hulle is almal intuïsies, want hulle is almal ŉ *onmiddellike* insig in of verstaan van wat homself as selfevident aanbied of openbaar. Met "onmiddellik" word bedoel sonder tussenkoms van bewysvorming, afleiding of redenering. Selfevident beteken "van-homself-getuigend, self-homself-openbarend, self-sprekend-van-homself". Voorbeelde van selfevidente beginsels wat deur beginselinsig of beginselintuïsie verkry word, is onder andere die volgende: Tyd getuig van homself dat dit 'beweeg' of verbygaan maar geen krag of energie is nie. Lig openbaar homself as ŉ vorm van energie. ŉ Harsingsproses is wesensverskillend van ŉ bewussynsproses. Geldige denke sluit selfteëspraak uit. Hieraan kan toegevoeg word dat die sinskerne van die 14 (of 15) wetskringe van 'die Wysbegeerte van die Wetsidee' algar beginsels is wat as selfevident ingesien word (Stoker, 1961b:44).

Van beginselintuisie verklaar Stoker (1961b:44) soos volg:

"Beginselintuïsie (respektiewelik beginselinsig) is ŉ onmiddellike

insig met jou verstand (vergelykbaar met die sien van kleure met behulp van jou oog) in wat 'n beginsel (van homself getuigend) bied (respektiewelik openbaar)"

Selfevidente beginsels word juis intuïtief aanvaar op grond van hulle selfevidensie, hulle selfgetuienis-van-hulself. Hulle word nie op gesag aanvaar of (soos in die geval van postulate) geponeer en ook nie willekeurig gestel of uit die duim gesuig of deur die verbeelding gefantaseer nie, maar hulle word ontdek, ingesien en op grond van wat die selfevidente beginsel aangaande homself bied (openbaar), aanvaar. (Stoker, 1961b:45).

Stoker stel dit duidelik dat 'n mens met sy intuisies, waaronder beginselinsig, kan dwaal en fouteer. Hy kan beginsels verkeerd insien, vir bepaalde beginsels blind wees en kan selfs as 'n beginsel aanwys wat nie 'n beginsel is nie. Daarom moet ook ten opsigte van selfevidente beginsels onderskei word tussen 'n beginsel wat onafhanklik van die menslike kennis daarvan bestaan, en die mens se opvatting van daardie beginsel.

Verskil van opvatting ten opsigte van selfevidente beginsels wat as grondbegrippe in die onderskeie wetenskappe funksioneer, is dan ook die oorsaak van soveel mekaar bestrydende skole in die wetenskap:

> "Waar verskil van beginselinsig heers, kan die een die ander nie oortuig nie (*contra principia negantem non est disputandum* : jy kan nie redenaar met iemand wat jou beginsels verwerp nie), want 'n selfevidente beginsel kan (nes in die geval van 'n gesagsbeginsel) nie bewys word nie" (Stoker, 1961b:45).

Gevolglik kan alleen 'n nuwe beginselinsig iemand oortuig dat sy beginselinsigte verkeerd was: hy moet hom die beginsel opnuut voor die gees roep, aanskou en insien en as sy oë dán oopgaan en hy die regte beginsel insien of die beginsel reg insien, word hy oortuig. Die oortuigingswerk geskied dus eintlik deur die selfevidensie van die beginsel self.

## STOKER AANGAANDE REGSBEGINSELS EN REGSNORME

Stoker (1970:44) stel dat volgens die Woord van God die kosmiese heelal (stof, plant, dier en mens) nie net deur God geskep is nie maar meteen onder 'n Goddelike wetsorde gestel is. Ten opsigte van die kosmiese wetsorde kan ons tussen (onoortreebare) natuurwette en oortreebare norme (kultuurnorme en godsdiensgebooie) onderskei. Norme geld alleen vir die mens en veronderstel aan die een kant 'n moontlikheid van keuse (die mens kan hulle gehoorsaam of aan hulle ongehoorsaam wees, dit wil sê hulle oortree) en aan die ander kant 'n behore, 'n gesagsmoment (die mens behoort hulle te gehoorsaam) (Stoker, 1970:44-45). Hierdie gesagsmoment vind sy oorsprong in die absolute gesag van God. Naas byvoorbeeld godsdiens-, sedelikheids, kuns-, kennis-, ekonomienorme ensovoorts bestaan daar ook regsnorme. Alle norme en natuurwette vorm tesame 'n onverbreeklike geheel. Op die vraag hoe die mens tot kennis van norme kom, onderskei Stoker (1970:45) tussen die reeds genoemde drie metodes:

- Eerstens is regsnorme in die Woord van God te vinde. Van Genesis tot Openbaring gee God se Woord talle uitsprake oor Goddelike en menslike reg. Met betrekking tot laasgenoemde is daar talle uitsprake oor regsnorme te vinde.

- Tweedens kan regsnorme ook intuïtief gevind word, en

- derdens is regsnorme in die kosmos te vinde.

Regsnorme is met die menswees van die mens gegee, word deur die fundamentele aard van die mens vereis, behoort wesenlik tot die menslike bestaan is is 'n *sine qua non* vir alle menslike roepingsvervulling en bestemmingsverwesenliking.

Deur aan te knoop by teorieë oor regsnorme wat in die geskiedenis van die mens gevorm is, is dit vir Stoker opvallend hoe dikwels regsdeskundiges wat God se Woord nie ken nie of dit verwerp, regsnorme vind en tot insigte in regsnorme kom

wat Christelike regsdeskundiges oorneem, al stel hulle hierdie norme in (Christelike) konteks en perspektief. Stoker (1970: 46-49) noem die volgende ontiese regsnorme:

- Die klassiek-Romeinse regsnorm *jus suum cuique tribuere* (reg is: *aan elkeen die syne toeken*). *Die syne* mag nie humanisties verstaan word nie; dit is geen skepping van die mens nie maar aan die mens met sy kreatuurlike menswees geskenk. Dit vind dus sy oorsprong in die skeppings- en bestieringswerk van God (Stoker, 1970: 46).

- Die keersy van die *suum cuique tribuere* is Plato se *ta auta prattein (elkeen moet die syne doen)*. Dit is ook ʼn ware ontiese regsnorm hierdie, mits dit reg verstaan word. Ook hierdie norm mag nie humanisties vertolk word, en die staat mag nie met die hele samelewing vereenselwig word nie. Tot *"die syne doen"* behoort ook die sorg vir die ander en in besonder ook die diens van God in alles (Stoker, 1970:47-48).

- Leibniz se norm van *honestum vivere (eerbaar te lewe)* en die Klassiek-Romeinse norm (volgens die orde van verskeurdheid) van *neminem laedere (aan niemand mag leed toegevoeg word nie)* is, volgens Stoker (1970:49) *prima facie* sedelike en nie juriediese norme nie. Deur hulle op menseregte te betrek sou hulle ook as regsnorme geformuleer kan word.

- Ander ontiese regsnorme wat Stoker (1970:49) noem, is dié van soewereiniteit in eie kring: die mens moet altyd as ʼn regsubjek behandel word en nooit as ʼn regsobjek nie; straf volgens skuld en vergoeding volgens skade.

Wat die verband tussen regsbeginsels en regsnorme betref, stel Stoker (1970:9) dat onder *regsnorme* die wette deur die mens (byvoorbeeld ʼn staatlike of kerklike owerheid) gestel, die onbeskrewe reëls van die gebruiksreg en die *"regsbeginsels"* van die ontiese reg verstaan moet word. Die Goddelike wetsorde vir die kosmos omvat natuurwette en norme (waaronder godsdiensgebooie en kultuurnorme). Die norme kan algemene norme wees (soos die

sedewette en dinkwette). Daar is egter ook universele norme vir die kontingente behore wat elke kontingente geval in sy uniekheid en eenmaligheid tot sy reg laat kom. Voorbeelde van universele norme vir die kontingente is onder andere "wat swaarste is, moet swaarste weeg", "doen alles met mate", "koop die tyd uit", "wat jou hand vind om te doen, doen dit met alle mag" ensovoorts. Die universele norme mag nie van die algemene norme geïsoleer word nie.

Stoker reserveer die naam *regsbeginsels* vir die ontiese reg. As sodanig hang *regsbeginsels* en die roepingsvervulling van die mens nou saam (vergelyk Stoker, 1970:50). Aan die mens is met sy menswees sy moontlikhede geskenk. Die moontlikhede kom met 'n 'roep' of 'eis' tot die mens, en die mens verwesenlik sy van God gegewe roeping deur sy natuurbeheersing, kultuurskepping, sorg vir die mens en diens van God. Taak- en roepingsvervulling vat Stoker saam as *antwoording* op wat van die mens sy moontlikhede gevra word, uiteindelik antwoord aan God, wat die mens roep. Die mens is dus oorspronklik 'n antwoorder. Met sy moontlikhede is ook (onties) die eis gegee wat met die normatiewe orde (met die norme) tot die mens kom en wat stel hóé die mens sy taak moet behartig, sy roeping moet vervul, dit wil sê moet antwoord. Die mens behoort aan die hom gestelde take sowel as aan die norme wat daarvoor geld, antwoordend gehoor te gee. Dit beteken dat die mens oorspronklik bestem is om te gehoorsaam (Stoker, 1970:50).

Die mens het kragtens sy moontlikheid van keuse (met ander woorde sy toerekenbaarheid) die moontlikheid om ongehoorsaam te wees. Daarmee mis die mens egter sy bestemming. Omdat die mens, tesame met sy moontlikheid van keuse, fundamenteel onder 'n 'behore' staan, is en bly hy aan God verantwoordelik. Die besondere fyn nuanse wat Stoker aan die hand hiervan uitlig, is dat (regs-)beginsels nóú met die mens en sy gegewe moontlikhede saamhang, terwyl (regs-) norme bepaal hóé die mens sy taak moet behartig (vergelyk Stoker, 1970:50).

ENKELE KRITIESE OPMERKINGS

Met die eerste oogopslag is dit reeds duidelik dat Stoker se beginselleer in vele opsigte fyner as dié van Dooyeweerd genuanseerd is. Dít blyk besonder duidelik uit die uitvoerige beginselleer wat in sy *Beginsels en metodes in die wetenskap* aangetref word. Stoker se bydrae kan in baie opsigte ook vir die regsfilosoof van waarde wees by die ontwerp van ʼn uitgebreide regsbeginselleer. Dit kan aan die hand van die volgende opmerkings verduidelik word:

- Dooyeweerd stel onomwonde dat regsbeginsels in die juridiese *maatskaps- en gemeenskapsverbande* ontdek word. Regsbeginsels vertoon ook ʼn variërende sinstruktuur. Op die vraag *hoe* die mens tot kennis van die regsbeginsels kom, laat Dooyeweerd ons grootliks in die duister (vergelyk Du Plessis, 1978:527).

  Op hierdie vraag is Stoker daarenteen vollediger. Benewens beginsels in en van die menslike gees en naas Skriftuurlike beginsels erken Stoker die bestaan van beginsels in die geskape heelal self. In die oopdekking van hierdie beginsels speel die Woord van God ʼn besondere rol. Voorts beklemtoon Stoker die rol van die diafanerotiese (of 'wesens'-skouende) metode. Die diafanerotiese metode is ʼn skouende (ʼn insienende, ʼn in-tuï-tiewe, ʼn deur- ('dia'-skouende) metode. Met hierdie metode wil die ondersoeker die selfevidente sélf 'sien' en verstaan (Stoker, 1967:239).

  Eerstens word met die diafanerotiese metode skouend op die konkrete fundamentele aard van ʼn idion ('verskynsel') gerig soos dit sigself in sy selfevidensie aanbied. Tweedens wil met die diafanerotiese metode ontdek word wát iets as sodanig is: byvoorbeeld wát getal, ruimte, taal, die sedelike, ʼn mens, ʼn staat, geskiedenis élk *as sodanig* is (Stoker, 1967:240). Met hierdie metode gaan dit nét om 'die *wátheid*' van iets, net om die wát dit is, wát sy aard, wese, sin, struktuur ensovoorts is. Het ons eenmaal van iets (byvoorbeeld die reg en beginsels) sy *vaste* wát gevind (ontdek wat dit

wesenlik is), kan ons vervolgens met behulp van ander metodes sy veranderings, ontwikkeling ensovoorts ondersoek. Dit is hoofsaaklik aan die hand van hierdie metode wat Stoker (1970) tot die insig kom dat die aard van die reg *ampsbehartiging* is.

Deur die diafanerotiese metode word tot die kennis van selfevidente beginsels gekom. As voorbeeld van selfevidente beginsels noem Stoker die sinskerne van die 14 (of 15) wetskringe. Hierdie sinskerne word as beginsels algar selfevident ingesien (Stoker, 1961b:44). Hierdie insig stel Stoker (1961b:44) soos volg:

> "Beginselintuïsie (respektiewelik beginselinsig) is 'n onmiddellike insig met jou verstand (vergelykbaar met die sien van kleure met behulp van jou oog) in wat 'n beginsel (van homself getuigend) bied (respektiewelik openbaar)".

Die werklikheid openbaar hom deur beginselintuïsie aan die mens. Die mens kom hierdeur met behulp van beginselintuïsie tot kennis van God se algemene openbaring.

Van Stoker se erkenning van die diafanerotiese metode verklaar Du Plessis (1980:123):

> "Dit behoort ten slotte haas vanself te spreek dat diafanerose veral by geesteswetenskappe (soos die regswetenskap) 'n belangrike (waarnemings-)funksie kan vervul. Die gegewens wat deel van hierdie wetenskappe (en die regswetenskap) se veld van ondersoek uitmaak, is immers nie al te geredelik sintuigelik waarneembaar nie. Daarom moet daar op die intuïsie as 'n 'sesde sintuig' teruggeval word".

- Daar bestaan 'n belangrike verskil tussen Stoker se opvatting aangaande norme en Dooyeweerd se opvatting aangaande regsbeginsels. Volgens Stoker is die norm (as 'wet') met die orde van die skeppie gegee. Vir Dooyeweerd bestaan

die norm as 'n in die skepping gegewe *principium* wat werklik eers norm word nadat dit deur die mens tot norm gepositiveer is. Du Plessis (1978:620) vat hierdie verskil soos volg saam:

> "Intuïtiewe kennis van die norm sal vir Stoker (mede in die lig van sy diafanerotiese metode) dus uit kennis van die inhoud van die norm bestaan; intuïtiewe kennis in 'n *Wysbegeerte van die Wetsidee*-konteks is egter 'n kennis van die sinsbesonderheid van die norm (of die sinkern van die - *in casu* juridiese - aspek waarop die norm betrekking het) en hoogstens miskien van die *principium* grondleggend aan die norm. Die inhoud van die norm word egter mede (en nie *eksklusief* nie) in die lig van die vorm wat die mens daaraan gee, geken. Hieraan moet onmiddellik toegevoeg word dat die *Wysbegeerte van die Wetsidee* self geen konkrete en duidelik riglyne oor die verkryging van kennis insake die 'vaste' - *principium* - kant van regsnorme verskaf nie ..."

Die leemte in Dooyeweerd se beginselleer aangaande die wyse waarop die mens tot kennis van die regsbeginsels kom, lei daartoe dat die mens nie intuïtief tot 'n kennis van die inhoud van norme (as sodanig) kan kom nie. Die inhoud wat die mens aan die norm gee, dra grootliks tot die kenbaarheid daarvan by. Hierin lê daar 'n bedekte stukkie rasionalisme opgesluit vir sover die mens met sy rede tot die inhoud van regsnorme bydra. Dit lyk ook asof daar aan die regsteorie van J.D. van der Vyver iets hiervan kleef. Waar Van der Vyver (1982:106) dit onder andere oor vergelding het, verklaar hy:

> "In die eerste plek gaan dit gewoon om beskermbare en beskermingswaardige belange wat nie deur die bestaande reg beskerm word nie. Die situasie kan verhelp word deur wel regsbeskerming deur die betrokke belange in te stel en sodoende daardie beskermbare en beskermingswaardige belange in beskermde belange te omskep. Dit word deur middel van *regskepping* gedoen".

Stoker se siening van regsnorme is daarenteen openbaringsgetrouer vir sover Stoker die invloed van die sonde en die deurwerking daarvan in die mens se kennis en kenne voldoende verdiskonteer. Volgens Stoker kan die ontiese regsnorme met 'n selektief relevante afsien van sonde en kwaad (diafaneroties) geken word. Alhoewel die mens se kennis en insigte deur die sonde verduister is, is so 'n kennis van ontiese regsnorme tog aan die hand van God se Woord by benadering moontlik.

In Stoker se beskouing aangaande die verband tussen regsbeginsels en regsnorme lê vir die regsfilosoof vele nuttige perspektiewe opgesluit. Stoker (1970:50) se gedagte kan in aansluiting by sy algemene beginselleer soos volg geïnterpreteer word: Aan die mens is met sy menswees moontlikhede *van* en *vir* hom geskenk. Hierdie moontlikhede kom met 'n 'roep' of 'eis' tot die mens (dit wil sê stel aan die mens sy take). Die mens word onties geroep. Deur op hierdie ontiese vrae (ook juridies) te antwoord aktualiseer die mens sy vryheid. Om op die aan hom gestelde vraag (taak, ontiese moontlikheid) te antwoord (vry te wees) moet die mens sy moontlikhede ontmoet, deur hulle 'aangespreek' word, deur hulle aangegryp, oortuig (oor-gehaal, besiel) word; met ander woorde moet die mens gehoor gee en hom aan hulle oorgee, hom laat aangryp, oortuig en besiel - iets wat sonder geloof aan hulle nie moontlik is nie. En eers as hy dit doen, kan hy die inisiatief oorneem, die moontlikhede antwoordend aktualiseer (dit wil sê vry wees) (Stoker 1961a:14).

Regsbeginsels is dus vir Stoker die juridiese moontlikhede deur God aan die mens gegee. Regsnorme bepaal 'hoe' die mens hierdie moontlikhede tegemoet *behoort* te gaan. Hierdie behorenseise word nie deur die mens vanuit regsbeginsels gepositiveer nie maar deur God aan die mens gegee. Regsnorme bepaal dus 'hoe' die mens as toerekenbare, verantwoordelike, kreatuurlike en wetsonderworpe regsubjek sy juridiese roeping moet verwesenlik, sy juridiese taak moet behartig en sy juridiese roeping moet vervul. Die mens behoort nie alleen aan die hom gestelde take (regsbeginsels) antwoord

te gee nie maar ook aan die norme wat daarvoor geld. Dit beteken dat die mens oorspronklik bestem is om sowel regsbeginsels as regsnorme te gehoorsaam.

Die mens het wel - kragtens sy moontlikheid van keuse, met ander woorde sy toerekenbaarheid - ook die moontlikheid om ongehoorsaam te wees, maar daarmee mis hy sy bestemming, en die mis van jou (van God gegewe) bestemming is die grondtrek van alle sonde en menslike kwaad (vergelyk Stoker, 1970:50).

Omdat die mens tesame met sy moontlikheid van keuse onder 'n normatiewe 'behore' staan, is en bly hy met alles wat hy doen en laat, juridies aan God verantwoordelik (vergelyk Stoker, 1970:50). Die mens is ook met die positivering van die menslike reg (menseregte, regsnorme en die regsorde) antwoorder, en hy antwoord op die roep, die taak aan hom gestel met die regsbeginsels.

Deur aldus (regs-)beginsels met die mens se taak en roeping en (regs-)norme met die behore van die mens se beantwoording te verbind moet daar dus van Duvenage (1983:82) verskil word, wat as uitgangspunt neem dat (regs-)beginsels (regs-) norme *standaardiseer*. Hierdie foutiewe uitgangspunt moet daaraan gewyt word dat hy te eng by Dooyeweerd se siening van die positivering van (regs-)norme vanuit (regs-)beginsels aansluiting vind.

## BIBLIOGRAFIE

DOOYEWEERD, H. 1930: De Structuur der rechtsbeginselen en de metode der rechtswetenschap in het licht der wetsidee (*In* Vrije Universiteit Amsterdam Wetenschappelijke bijdragen aangeboden door hoogleeraren der Vrije Universiteit ter gelegenheid van haar vijftig - jaren bestaan. Amsterdam: *N V Dagblad*.

DOOYEWEERD, H. 1935. De wijsbegeerte der wetsidee Amsterdam: Paris. 3dle.

DOOYEWEERD, H. 1969. Encyclopaedie der rechtswetenschap Amsterdam: David. 2dle.

DU PLESSIS, L.M. 1978. Die juridiese relevansie van Christelike geregtigheid. Ongepubliseerde proefskrif. Potchefstroom: PU vir CHO.

DU PLESSIS, L.M. 1980. Regswetenskaplike variasies op filosofiese temas. Potchefstroom: Pro-Rege Pers Beperk.

DUVENHAGE, B. 1983. Roeping en wetenskap. Handleiding tot die wetenskapsleer. 2e hersiene uitgawe. Potchefstroom.

STOKER, H.G. 1961a. Wysgerige vryheid. Presidentsrede voor die vereniging ter bevordering van die wysbegeerte in Suid-Afrika.

STOKER, H.G. 1961b. Beginsels en metodes in die wetenskap. Johannesburg: De Jong.

STOKER, H.G. 1967. Oorsprong en rigting Band I. Kaapstad: Tafelberg.

STOKER, H.G. 1970. Die aard en rol van die reg: 'n wysgerige besinning. Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit, A36. Johannesburg: R.A.U.

VAN ZYL, F.J. en VAN DER VYVER, J.D. 1982. Inleiding tot die regswetenskap. Durban: Butterworths.